Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
**Nobanele Patience Funani**
Strategiese Mensbestuur
Nobanele.Funani@westerncape.gov.za | 021 467 2243

Lêerno.: 3/3/3/3/2
Verwysing: 20230523-4573

Strategiese Mensbestuurminuut: 0009/2023

Aan: Adjunk-direkteure-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, (Hoofkantoor en Distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale.

**Onderwerp: Verspreiding van die gedragskode en Staatsdiensregulasies**

1. Die gedragskode vir die staatsdiens, soos gepubliseer in Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, gepubliseer in Staatskoerant No. 40167 van 29 Julie 2016, is 'n handleiding van die staat wat die reëls, waardes, doelwitte, etiek en visie van die regering uiteensit. Dit verskaf 'n duidelike uiteensetting van verwagte gedrag aan werknemers, asook dit wat deur die regering beskou word as goeie praktyk of nie goeie praktyk nie.

2. Dit is 'n belangrike deel van die vestiging van goeie bestuur en etiese gedrag van staatsamptenare. Dit raak ook kwessies soos respek vir menseregte, die oppergesag van die reg, aanspreeklikheid, deursigtigheid in bestuur, persoonlike gedrag en persoonlike belange aan.

3. Die gedragskode dien as 'n riglyn vir werknemers oor wat van hulle verwag word uit 'n etiese oogpunt, wat betref hulle individuele gedrag asook hulle verhouding met ander mense. Nakoming van die gedragskode verhef professionele optrede en help om vertroue in die staatsdiens te vestig.

4. Die hoofdoel van die gedragskode is om voorbeeldige gedrag te bevorder. 'n Werknemer sal desondanks skuldig aan 'n misdryf bevind word ingevolge artikel 20(*t*) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), en daar kan in ooreenstemming met die toepaslike artikels van die Wet opgetree word indien hy of sy enige voorwaarde van die gedragskode oortree of nie voldoen aan enige voorwaarde daarvan nie.

5. Die gedragskodeboekie ward gewoonlik gedurende werknemers se intrede-opleiding in die staatsdiens aan hulle oorhandig en moet saam met die Staatsdiensregulasies, 2016 gelees word.

6. Die Direktoraat: Strategiese Mensbestuur, wat in beheer van die intrede-opleiding is, het onderneem om die gedragskode en die Staatsdiensregulasies, 2016 aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se werknemers via Registrasie te versprei.

7. Alle werknemers van die WKOD is verplig om vertroud te raak met die inhoud van die gedragskode asook die Staatsdiensregulasies, 2016.

8. Bestuurders word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel te bring.

9. U samewerking word hoog waardeer.

**GETEKEN:** LJ ELY

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**

**DATUM:** 2023-06-01